

<p>WERKERSDAG 2021</p> 	<p>ONSE VADER</p>	<p>1 Dankie dat U ons Vader is en ons U kinders</p>	<p>2 Ons het die Gees van aanneming tot kinders ontvang, deur wie ons roep: Abba, Vader!</p>	<p>3 Jesus U het in die tyd van U diepste nood uitgeroep "Abba Vader"</p>	<p>4 Deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid en vertroue na die Vader gaan</p>
<p>LAAT U NAAM GEHEILIG WORD</p>	<p>5 Here U het my afgesonder vir U diens</p>	<p>6 Soos U wat my geroep het, heilig is, moet ek ook in my hele lewenswandel heilig wees.</p>	<p>7 As gelowige moet ek my totale energie daarop toespits om God te dien en Sy eer te soek.- Calvin</p>	<p>8 Vir U het ek lief met my hele hart, met my hele siel en met my hele verstand</p>	<p>LAAT U KONINGKRYK KOM</p>
<p>9 Die Here het sy troon in die hemel gevestig, Sy heerskappy strek oor alles en almal</p>	<p>10 Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.</p>	<p>11 Here laat u koninkryk deur my kom</p>	<p>12 My gebed kan help om die koninkryk met krag te laat kom waar alles nog koud en dood is – Andrew Murray</p>	<p>13 AS jy soos Jesus loop, met Jesus in jou oë, met Jesus in jou stem, met Jesus in jou gedrag, sal die koninkryk van God kom.</p>	<p>LAAT U WIL GESKIED</p>
<p>14 Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is</p>	<p>15 Here help my om te beproef wat U goeie en welgevallige en volmaakte wil vir my lewe is</p>	<p>16 Here, maak my u weë bekend; leer my u paaie</p>	<p>17 Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra; dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here.</p>	<p>18 Praat, Here, u dienaar luister!</p>	<p>GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD</p>
<p>19 Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge (die stoflike) sal vir julle bygevoeg word</p>	<p>20 En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus</p>	<p>21 En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee</p>	<p>22 Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis.</p>	<p>23 Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.</p>	<p>EN VERGEEF ONS ONS SKULDE, SOOS ONS OOK ONS SKULDENAARS VERGEWE</p>
<p>24 As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie</p>	<p>25 Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here</p>	<p>26 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het</p>	<p>27 Maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus</p>	<p>EN LEI ONS NIE IN DIE VERSOEKING NIE, MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE</p>	<p>28 God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.</p>
<p>29 Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind</p>	<p>30 Bly standvastig in die geloof en staan hom teë.</p>	<p>31 Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare.</p>	<p>AAN U BEHOORT DIE KONINGKRYK EN DIE KRAG EN DIE HEERLIKHEID TOT IN EWIGHEID. AMEN</p>	<p>Om met mense oor God te praat is 'n goeie ding, maar dit is beter om met God te praat oor mense ~ E.M. Bounds</p>	<p>GEBEDSKALENDER</p> <p>2021</p>

